




Stuur 'n e-pos na nb@nb.co.za om 'n Powerpoint-aanbieding met interaktiewe skakels te ontvang.

# LEESGIDS

Gr 3 Huistaal

Gr 4 EAT







# HOOFSTUK 1 : SONDER SARAH

- In Hoofstuk 1 leer ons vir ................................... ken.
- Hulle het eers in Kaapstad gewoon, maar hulle woon nou op 'n klein dorpie naby `n ..................................................
- Georgi se tweelingbroers, .................. en ..................., is sestien jaar oud en gaan na `n kosskool in Kaapstad.



# GEORGI SE FAMILIE

- Georgi se pa is `n ..................... by haar nuwe skool.
- Haar ma is 'n ............................ en werk vanaf haar tuiskantoor.
- Sarah is Georgi se enigste maat wat sy op die nuwe dorp gemaak het. Sarah het egter pas die afgelope naweek vertrek saam met haar familie terug na .....................










# WAAR WOON GEORGI?

1. Sy woon op K………………………………………

2. Sy woon in K………………………………………… straat.

3. Sy gaan skool in Laerskool K…………………………………………










# HOOFSTUK 2: FRIKKIE VAN DER MERWE

- ........................ is nuuskierig en vra baie vrae. Hy is saam met Georgi in graad 5A2. Hy is baie ongeduldig. Hy wil graag hê hulle ................ periode moet begin.
- Juffrou ........ is graad 5A2 se klas-onderwyseres en is `n gawe juffrou.

swem



Frikkie




Juffrou Bea



# DIE SKOOLHOOF. 'N VERRASSING. ALFABETIES.

- Juffrou Slabbert,........................., roep al die kinders saal toe en graad 5A2 se swemles word gekanselleer.
- Die hoof belowe oor die interkom dat daar vir die leerders ........................in die saal sal wees.
- Sy verwag dat die leerders egter met goeie dissipline en in ........................ volgorde saal toe moet stap.





# VRAE

Wat vra Frikkie vir juffrou Bea?


Waarom is Frikkie ongeduldig, waarheen wil hy gaan?

Kon die graad 5A2-klas na die swembad gaan vir hulle swemles?

Waarheen moet die leerders in netjiese rye stap?

Wat belowe juffrou Slabbert vir die kinders?

# HOOFSTUK 3: 'N VERRASSING VIR DIE SKOOL



- In Hoofstuk 3 kry ons 'n idee waaroor die verrassing dalk kan gaan.
- Besoekers met vreemde toerusting staan en wag by die skoolsaal.
- Die besoekers se toerusting is gelaai in kissies wat Georgi aan Minecraft laat dink.
- Ons leer ook dat Frikkie 'n vriend het, Enzo Zola.
- Georgi beland agter Frikkie en Enzo. Sy hoor hoe hulle gesels oor die besoekers.
- Hulle gesels ook oor een van hulle gunsteling-strokiesprente op TV.
- Ons lees ook van Enzo se interessante gewoonte om twee horlosies te dra. `n Analoog-horlosie aan sy regterarm en`n digitale horlosie aan sy linkerarm.





# TOETS JOU KENNIS:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. Wat is Minecraft? | TV-program | Fliek | Rekenaarspeletjie |
| 2. Wie is Phineas and Ferb? | Twee karakters in 'n TV-strokiesprent | Rekenaarspeletjie | Twee ruimtemanne |
| 3. Wie het gesê die besoekers lyk soos "Doktor Doofenshmirtz en Vanessa van *Phineas and Ferb*"? | Georgi | Frikkie | Enzo |

# HOOFSTUK 4: IN DIE MOEILIKHEID



- In die saal verduidelik juffrou Slabbert aan die kinders dat die skool ............................. ingesamel het tydens hulle taal-olimpiade.
- Besoekers is genooi om die skool meer te kom vertel van robotte. ........................................................ gaan van hulle spesiale robotprojek kom vertel.
- Georgi beland saam met Frikkie en Enzo in die ........................tydens die opening van die saal. Frikkie veroorsaak dat sy en Enzo saam met hom uit die saal gestuur word.



Baie geld.



Dr Ragno en sy assistent Veronica





in die moeilikheid

# BLOKKIESRAAISEL

| | | | |
|---|---|---|---|
|  | Enzo | Ferb |  |
|  Juf | Slabbert | Phineas |  |
|  | Georgi | Frikkie |  |
|  Dr | Ragno | Veronica |  |

# BLOKKIESRAAISEL




# HOOFSTUK 5: DIE KELDER

- Wat doen Frikkie in die portaal wat Georgi bekommerd maak?
- Wat stel Georgi voor moet Frikkie eerder doen?
- Wat stel Enzo voor moet hulle doen?

# HOOFSTUK 6: ONDER DIE VERHOOG

In Hoofstuk 6 lees ons dat Georgi graag Minecraft speel. Sy en Sarah speel aanlyn saam. Hulle verkies om in kreatiewe modus te speel. Georgi meen dat sy al meesterlike bouwerk kan doen. Ons lees dat Frikkie en Enzo ook graag Minecraft speel en dat hulle dink hulle speel die speletjie professioneel as hulle in oorlewingsmodus speel.




# HOOFSTUK 6: 'N SLIM PLAN

Die donker kelder lyk spokerig en die kinders kan nie die ligte aanskakel nie, want die skakelaars is in die saal.

Vertel in jou eie woorde en verduidelik watter slim planne hulle maak om in die donker deur die kelder te beweeg.






# WOORDSOEK

1. KELDER
2. KOSTUUM
3. KONSERT
4. KROKODILLE
5. MUISHONDE
6. PRINS
7. PRINSES
8. MINECRAFT
9. NOOB
10. ZOMBIE
11. PIGLIN
12. TOORVLOKKIES
13. FEETJIE
14. STROKIESBOEK
15. PRO
16. NETHER
17. OBSIDIAN
18. TROLLIE
19. PANEEL
20. POORT

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| K | E | L | D | E | R | S | T | I | S |
| O | K | M | O | P | E | Z | O | O | T |
| S | R | I | B | O | N | O | O | B | R |
| T | O | N | S | O | E | P | R | O | O |
| U | K | E | I | R | T | U | V | K | K |
| U | O | C | D | T | H | F | L | O | I |
| M | D | R | I | P | E | E | O | N | E |
| P | I | A | A | I | R | E | K | S | S |
| R | L | F | N | G | R | T | K | E | B |
| I | L | T | K | L | H | J | I | R | O |
| N | E | S | E | I | J | I | E | T | E |
| S | P | R | I | N | S | E | S | P | K |
| L | A | D | I | D | A | B | N | M | O |
| I | L | T | K | L | H | J | I | R | O |
| R | E | D | O | T | K | A | I | Z | O |
| H | J | K | L | Z | O | M | B | I | E |
| P | A | N | E | E | L | B | J | W | S |
| Z | D | F | T | R | O | L | L | I | E |







# HOOFSTUK 7: DIE ROOFKYKERS

Verduidelik in jou eie woorde hoe Georgi, Frikkie en Enzo dit regkry om te hoor wat in die saal gebeur.

# HOOFSTUK 7: DIE ROOFKYKERS

Keusevrae: Hoofstuk 7. Kies die regte Antwoord.

1. Wat is 'n roofkyker?
   1.1. Iemand wat met `n verkyker kyk.
   1. 2. Iemand wat `n program kyk sonder om te betaal.
   1. 3. Iemand wat na roofdiere kyk.
2. Waarom hardloop Frikkie klas toe?
   2.1. Hy wil sy robot- karretjie gaan haal.
   2.2. Hy wil iets gaan haal om te eet.
   2.3. Hy is bang iemand raas met hulle.
3. Watse werk doen Enzo se ma?
   3.1. Onderwyseres
   3.2. Motorwerktuigkundige
   3.3 Rekenaarwetenskaplike
4. Watse werk doen Frikkie se pa?
   4.1. Onderwyser
   4. 2. Motorwerktuigkundige
   4.3. Rekenaarwetenskaplike
5. Wat bou Frikkie en sy pa in hulle garage?
   5.1. Kissies
   5.2. Robot-karre
   5.3. Rekenaars
6. Georgi hoor doktor Ragno lag.
   Hoe dink jy klink doktor Rangno se gelag vir haar?
   6.1. Vriendelik
   6.2. Gevaarlik
   6.3. Snaaks

# HOOFSTUK 8: DOKTOR RAGNO

Doktor Ragno stel die spinnekop-robotte aan die leerders bekend.

Daar word interessante, maar moeilike woorde in Hoofstuk 8 gebruik.





| | |
|---|---|
| aragnied | • spinnekop<br>• goggas met agt pote |
| aragnofobie | • vrees vir spinnekoppe<br>• baie bang vir goggas |
| robotspinnekop | • 'n robot<br>• wat soos 'n spinnekop lyk |

| | |
|---|---|
| lasertegnologie | • 'n baie sterk, smal ligstraal<br>• wat metale kan sny |
| kodeprogram | • 'n kodetaal wat robotte laat beweeg, rekenaartaal |
| agtpoot-tegnologie | • robotte met agt pote<br>• deur NASA gebou vir Mars |

# HOOFSTUK 8: INTERESSANTE WOORDE

| | |
|---|---|
|  | aragnied |
|  | aragnofobie |
|  | robot-spinnekop |
|  | lasertegnologie |
|  | kode-program |
|  | agtpoot-tegnologie |

Die Spinnebotte, Hoofstuk 8: Woordspeletjie.

| Korrigeer die werk. Skryf die prent se nommer by die regte woord. | | | |
|---|---|---|---|
| 1 |  | .... | aragnied |
| 2 |  | .... | aragnofobie |
| 3 |  | .... | robot- spinnekop |
| 4 |  | .... | lasertegnologie |
| 5 |  | .... | kode-program |
| 6 |  | .... | agtpoot-tegnologie |


# HOOFSTUK 8: WOORDSPELETJIE

# HOOFSTUK 9: DIE SPINNEBOTTE KLIM UIT.



- Gee 'n kort verduideliking van hoe die FRENZO 1.5 lyk.
- Probeer hierdie woorde in jou verduideliking gebruik.

raam, wiele, afstandbeheer, programmeerbord, draadjies, pennetjies, paneel, glasliggies, ses, battery, knoppies, sensors, aandrywers, robot



Die Frenzo 1.5

Die Frenzo is 'n ___________ -motorkar.

Die robot-motorkar is gebou deur _______________ en ____________ . Dit werk met 'n _____________ .

Die robot-kar het ______ wiele. Die wiele is vas aan 'n r________m . Bo-op die raamwerk is die programmeerb________d.


Die programmeerbord bestaan uit dr___________, pe_________ en kn_________________ .

Die p____________l, van die programmeerbord huisves ook die s_____________ en die aa______________, wat die robot-kar laat beweeg.

Die Frenzo 1.5 het ook 'n herlaaibare _________________

raam, wiele, afstandbeheer, programmeerbord, draadjies, pennetjies, paneel, glasliggies, ses, battery, knoppies, sensors, aandrywers, robot

# HOOFSTUK 9: DIE SPINNEBOTTE KLIM UIT.



Robotte in die skoolsaal.

Vertel kortliks waar die robotte in die saal is. Gee ook 'n beskrywing van hoe die robotte lyk en klink.

klip-klip-klap, rooi, agt, krieketbal, sirkelvormige, metaalpote, ogies, spinnebot

# Robotte in die skoolsaal.

klip-klip-klap, rooi, agt, krieketbal, sirkelvormige, metaalpote, ogies, spinnebot

Een s________________ is so groot soos

'n k________________________.

Die bot se __________

m____________________ maak

k_____________________


geluide soos hulle oor die saal se vloer stap.

Elke bot het twee ____________ _________

___________ .

klip-klip-klap, rooi, agt, krieketbal, sirkelvormige, metaalpote, ogies, spinnebot

# HOOFSTUK 10: 'N SWERM SPINNEKOPPE





Kyk na die twee kort video's van swerm-tegnologie. Die spinnebotte in die saal beweeg ook soos `n swerm. Dit kan gevaarlik wees.





# DR RAGNO RAAK GEVAARLIK.

Wat sê doktor Ragno moet juffrou Slabbert vir hom gee?

# DR RAGNO DREIG DIE HOOF.

Doktor Ragno dreig om iets gevaarlik te doen as juffrou Slabbert nie vir hom gee wat hy wil hê nie.

Verduidelik wat doktor Ragno dreig om te doen.






# BESTUDEER DIE VOLGENDE WOORDE EN VIND HULLE IN DIE WOORDSOEK-SPELETJIE.




| | | |
|---|---|---|
| 1 | swerm-tegnologie | |
| 2 | ruimte-weerstasie | |
| 3 | satelliet | |
| 4 | gevorderd | |
| 5 | kaalvoet | |
| 6 | mikrofoon | |
| 7 | halfmiljoen | |
| 8 | vertoningsfooi | |
| 9 | laser | |
| 10 | laserlig-tegnologie | |
| 11 | wifi-seine | |
| 12 | wifi-blokker-toestel | |
| 13 | dreig | |
| 14 | aktiveer | ON! ON! ON! |
| 15 | laserogies | |
| 16 | geblokkeer | |
| 17 | toerusting | |
| 18 | straal | |


















# VOLTOOI DIE WOORDSOEK

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| s | a | t | e | l | l | i | e | t | s | m | d | f | g | h | j | k | l | a | w |
| w | e | d | r | a | s | f | t | y | u | i | i | o | p | l | k | j | g | v | i |
| e | b | g | h | j | k | o | r | r | t | k | x | c | v | b | n | m | m | m | f |
| r | u | i | m | t | e | - | w | e | e | r | s | t | a | s | i | e | x | a | i |
| m | a | k | s | f | t | x | w | e | r | o | m | m | m | f | k | s | f | s | - |
| - | s | a | k | o | r | x | h | a | l | f | m | i | l | j | o | e | n | e | s |
| t | e | a | e | - | w | x | q | q | a | o | a | s | a | x | z | z | x | r | e |
| e | r | l | x | x | x | z | a | x | s | o | s | d | s | z | l | t | u | a | i |
| g | e | v | o | r | d | e | r | d | e | n | g | h | e | z | v | o | s | s | n |
| n | s | o | m | m | m | f | z | z | r | - | j | k | r | z | o | e | t | e | e |
| o | v | e | r | t | o | n | i | n | g | s | f | o | o | i | e | r | i | r | x |
| l | s | t | m | m | m | f | k | s | f | t | r | t | g | u | t | u | s | s | s |
| o | e | r | s | t | a | m | m | m | f | r | v | n | i | s | r | s | s | f | t |
| g | e | b | l | o | k | k | e | e | r | a | m | k | e | t | b | t | k | o | r |
| i | w | e | r | t | y | u | i | o | p | a | a | s | s | i | e | i | e | - | w |
| e | d | s | d | e | r | t | e | r | t | l | e | r | t | y | u | n | o | p | w |
| l | a | s | e | r | l | i | g | - | t | e | g | n | o | l | o | g | i | e | z |
| w | i | f | i | - | b | l | o | k | k | e | r | - | t | o | e | s | t | e | l |

# HOOFSTUK 11: ENZO SE REGTERARM-HORLOSIE

LTE-horlosie met 'n Google-skyfie.

Sonpaneel.






# HOOFSTUK 11: ENZO SE LINKERARM-HORLOSIE.

Kamera-horlosie.





# HOOFSTUK 11: VRAE

Hoofstuk 11: Kies die korrekte antwoord.


| | |
|---|---|
| 1. | Wat moes Georgi belowe? |
| | a. Sy mag net vir haar broers van die horlosies vertel.<br>b. Sy mag vir niemand van die horlosies vertel nie.<br>c. Sy mag net vir haar klasmaats van die horlosies vertel. |
| 2. | Wat mag Laerskool Klipdassie se leerders nie doen nie? |
| | a. Hulle mag nie selfone skool toe bring nie.<br>b. Hulle mag nie rekenaars skool toe bring nie.<br>c. Hulle mag nie selfone of rekenaars skool toe bring nie. |
| 3. | Watse horlosie dra Enzo aan sy regterarm? |
| | a. 'n Swart analoog-horlosie.<br>b. 'n Geel digitale horlosie.<br>c. 'n Geel analoog-horlosie. |
| 4. | Watse horlosie dra Enzo aan sy linkerarm? |
| | a. 'n Swart digitale horlosie.<br>b. 'n Geel digitale horlosie.<br>c. 'n Geel analoog-horlosie. |
| 5. | Wat sal met Georgie gebeur as sy haar belofte oor die horlosies verbreek? |
| | a. Die Impundulu sal haar jaag.<br>b. Die weerlig sal haar slaan.<br>c. Antjie Somers sal haar vang. |
| | Watse werk doen Enzo se pa? |
| | a. Hy is 'n wetenskaplike in Kaapstad.<br>b. Hy is 'n weerkundige by Kliprand se Ruimte-Weerstasie.<br>c. Hy is 'n navorser in die Suidpool. |
| 7. | Waarom het Enzo se pa vir hom hierdie gevorderde horlosies gegee? |
| | a. Sy pa versamel horlosies en het baie horlosies.<br>b. Sy pa werk in die Suidpool en kan via die LTE-horlosies makliker kontak maak met Enzo.<br>c. Sy pa wil graag hê Enzo moet altyd seker wees hoe laat dit is. |




# HOOFSTUK 12: FRIKKIE SE ROVER

In Hoofstuk 12 word die Spinnebot-robot bespreek. Frikkie het in Hoofstuk 9 van sy Frenzo 1.5 robot vertel. Kyk of jy die twee robotte se eienskappe reg kan kies.


.



# KENMERKE EN VAARDIGHEDE.



Ses wiele
Agt pote
Vorentoe beweeg
Agtertoe beweeg
Links draai
Regs draai
Dans
Stamp
Ry
Stap
Skyn 'n laserstraal



# HOOFSTUK 13: DIE PLAN

Rangskik dié instruksies in die regte volgorde om Georgi, Frikkie en Enzo se plan te programmeer. So kan hulle DIE PLAN toets om te sien of dit kan werk om die kinders te red van die Spinnebotte.

Sommige instruksies moet herhaal word.

Neem afstandbeheer

Neem mikrofoon.

Vorentoe 1

Agtertoe 1

Links draai

Regs draai

Begin Enzo

Begin Georgi


Begin Frikkie

Konnekteer met Frenzo 1.5


Klim 1

# HOOFSTUK 13: DIE PLAN

- Programmeer die pad wat Frikkie die Frenzo 1.5 moet laat ry om die botte weg te stamp.




Neem afstandbeheer
Neem mikrofoon
Konnekteer met Frenzo 1.5
Vorentoe 1
Agtertoe 1
Links draai
Regs draai
Klim 1
Begin Enzo
Begin Georgi
Begin Frikkie



# HOOFSTUK 13: DIE PLAN


- Programmeer die pad wat Frikkie die Frenzo 1.5 moet laat ry . Voltooi die program.



Begin Frikkie
Neem afstandbeheer
Konnekteer met Frenzo 1.5

Voltooi die program

Vorentoe 1 {x2}
Links draai
Vorentoe 1 {x3}
Agtertoe 1 {x4}
Vorentoe 1
Regs draai
Vorentoe 1 {x2}




# HOOFSTUK 13: DIE PLAN

- Programmeer die pad wat Georgi moet hardloop om by Veronica te kom.



Neem afstandbeheer
Neem mikrofoon
Konnekteer met afstandbeheer
Vorentoe 1
Agtertoe 1
Links draai
Regs draai
Klim 1
Begin Enzo
Begin Georgi
Begin Frikkie




# HOOFSTUK 13: DIE PLAN

- Programmeer die pad wat Enzo moet beweeg om met die mikrofoon op die stoel te gaan staan.





Neem afstandbeheer
Neem mikrofoon
Konnekteer met afstandbeheer
Vorentoe 1
Agtertoe 1
Links draai
Regs draai
Klim 1
Begin Enzo
Begin Georgi
Begin Frikkie



# HOOFSTUK 14: DIE STORMLOOP

Is die volgende stellings waar of onwaar?







Frikkie het die Frenzo goed bestuur en baie Spinnebotte met sy robot-kar omgestamp.

- Waar
- Onwaar

Enzo kon hard en duidelik met die kinders oor die mikrofoon praat.

- Waar
- Onwaar






Georgi kon nie die tablet wat die Spinnebotte beheer in die hande kry nie.

- Waar
- Onwaar

Georgi het die tablet by Veronica gegryp en dit gebreek.

- Waar
- Onwaar





Juffrou Slabbert het die geld betaal aan dr Ragno.

- Waar
- Onwaar

Die kinders moes op hulle stoele staan om te keer dat die laserstrale hulle nie brand nie.

- Waar
- Onwaar





Juffrou Slabbert het verstaan wat Enzo bedoel en het ook vir die kinders gesê hulle moet op hulle stoele staan.


- Waar
- Onwaar

Dr Ragno en Veronica het hulle hande in lug gesteek en oorgegee.

- Waar
- Onwaar



# HOOFSTUK 15: SULKE SKURKE!



Verduidelik in jou eie woorde wat meneer Adams gedoen het om te keer dat dr Ragno en Veronica nie ontsnap nie.






# HOOFSTUK 15: SULKE SKURKE!

Verduidelik in jou eie woorde hoe mevrou Zola gehelp het om doktor Ragno en Veronica te vang.



# HOOFSTUK 16: DIE ROBOTIKAKLUB

◢ Keusevrae: Hoofstuk 16. Kies die regte antwoord.

1. **Wat dink Zaydon en Raydon van Georgi en haar vriende wat die skool gered het?**
   - 1.1. Hulle is baie trots op haar, maar terg haar ‘n bietjie.
   - 1. 2. Hulle is jaloers en kla dat sy voorgetrek word.
   - 1. 3. Hulle is glad nie gepla wat hulle kleinsussie doen nie.

2. **Wat noem Georgi vir Enzo en Frikkie?**
   - 2.1. Hulle is haar beste vriende.
   - 2.2. Hulle is haar klasmaats.
   - 2.3. Hulle is haar robot-tjommies.

3. **Het Georgi se pa vir haar ‘n strafboete gegee of ‘n beloning?**
   - 3.1. Ja, hy het vir haar ‘n strafboete gegee.
   - 3.2. Albei. Hy het van haar sakgeld afgetrek omdat sy in die saal geraas het, maar hy het vir haar ‘n beloning gegee omdat sy so dapper was.
   - 3.3 Nee, hy het net vir haar ‘n sakgeld-bonus gegee.

4. **Hoe weet ons Georgi se ma is trots op haar?**
   - 4.1. Haar ma noem Georgi “Captain America”.
   - 4. 2. Haar ma maak vir haar pizza.
   - 4.3. Haar ma raas nie met haar oor sy die woord “tjommies” gebruik nie.

5. **Wat het NASA vir Georgi en haar vriende gestuur?**
   - 5.1. Tablette en Ev3 Lego robotprogram.
   - 5.2. Vliegtuigkaartjies om NASA te besoek.
   - 5.3. Rekenaars

6. **NASA skenk ook aan Laerskool Klipdassie fondse. Wat moet die skool met die geld doen?**
   - 6.1. Rugbyklub verbeter.
   - 6.2. Atletiekbaan oorbou.
   - 6.3. ‘n Robotika- en koderingsklub begin.





# MINECRAFT BOU-UITDAGING.

Watter leser kan vir ons 'n Minecraft-weergawe bou van Die Spinnebotte slaan toe?

Kyk na die volgende skermgreep-foto's en ook skermgreep-video van 'n Spinnebot-wêreld wat 'n leser vir ons gebou het.

Ons nooi lesers om vir ons 'n Spinnebot-Minecraft-wêreld te bou en te stuur.

Stuur dit vir ons as 'n skermgreep-video, skermgreep-foto's of 'n MCE Portefeulje PDF. Ons sal dit graag op NB-Uitgewers se sosiale media-platforms wil deel.



Skermgreep-video.




[Kliek vir Spinnebot-Minecraft-wêreld]